**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: A2/2011

In die aansoek tussen:-

**LEBOHANG MOSHATA** Applikant

en

**MNR. J. VISAGIE**, Eerste Respondent
in sy hoedanigheid as Streeklanddros,
Parys (gesetel te Kroonstad)

**DIE STAAT**, Tweede Respondent
soos verteenwoordig deur Direkteur van
Openbare Vervolgings Bloemfontein

---

**CORAM:** DAFFUE, R *et* SNELLENBURG, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 30 APRIL 2012

---

**UITSPRAAK DEUR:** SNELLENBURG, WND R

---

**GELEWER OP:** 21 JUNIE 2012

---

[1] Die applikant doen aansoek kragtens die bepalings van Reël 53 van die Eenvormige Hofreëls vir die hersiening en tersydestelling van die skuldigbevindings en vonnisse wat die applikant opgelê is deur die eerste respondent op 11 Oktober 2010 in die Streekhof, Parys.

[2] Die applikant het saam met twee mede-beskuldigdes, Sello

Selema en Shadrack Ramabodu, tereggestaan op twee klagtes van roof met verswarende omstandighede.

[3] Ten opsigte van die eerste aanklag is dit die applikant en sy mede-beskuldigdes ten laste gelê dat hulle skuldig is aan die misdaad van roof met verswarende omstandighede deurdat hulle op of omtrent 8 Mei 2010 te of naby Vredefort wederregtelik en opsetlik vir Boroko Thabe aangerand het en toe en daar en met geweld die volgende items, te wete een selfoon ter waarde van R1 900,00 en R15,00 kontant weggeneem het, synde die eiendom van die klaer of eiendom wat in die klaer se regmatige besit was terwyl die beskuldigdes voor, gedurende of na die pleging van die misdryf ‘n gevaarlike wapen, te wete ‘n mes hanteer het en/of gedreig het om ernstige liggaamlike beserings toe te dien.

[4] Ten opsigte van die tweede aanklag is dit die applikant en sy mede-beskuldigdes ten laste gelê dat hul skuldig is aan die misdaad van roof met verswarende omstandighede deurdat hulle op of omtrent 8 Mei 2010 te of naby Vredefort wederregtelik en opsetlik vir Moses Mpafa aangerand het en

toe en daar met geweld die volgende items, te wete een selfoon, een bestuurslisensie en R30,00 kontant weggeneem het, synde die eiendom van die klaer of eiendom wat in sy regmatige besit was, terwyl hulle voor, gedurende of na die pleging van die misdryf 'n gevaarlike wapen, te wete 'n mes hanteer het en/of gedreig het om ernstige liggaamlike beserings toe te dien.

[5] Voordat die klagtes aan die applikant en sy mede-beskuldigdes gestel is, is beide die klagtes teen Shadrack Ramabodu teruggetrek deur die Staat.

[6] Beide die applikant en sy mede-beskuldigde is verteenwoordig deur Advokaat Ntjabaleng op Regshulpraad-instruksies.

[7] Nadat die aanklaer die aanklagte aan die applikant en sy mede-beskuldigde gestel het, het die applikant en sy mede-beskuldigde met behulp van 'n amptelike hoftolk aangedui dat hulle die klagtes teen hulle verstaan. Die applikant het vervolgens eers skuldig gepleit op die eerste aanklag en daarna bevestig dat hy skuldig pleit ten aansien van die

tweede aanklag. Hierna het die applikant se mede-beskuldigde insgelyks aangedui het dat hy skuldig pleit ten aansien van beide aanklagte. Mnr. Ntjabaleng het op rekord geplaas dat die onderskeie pleite van skuldig in ooreenstemming is met sy instruksies van die applikant en die mede-beskuldigde.

[8] Die applikant se regsverteenwoordiger het aangedui dat daar 'n verklaring voorberei is namens die applikant in terme van artikel 112(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 ("die Wet") en het die regsverteenwoordiger voortgegaan om die verklaring in die rekord te lees. Die verklaring is deur die applikant onderteken.

[9] Synde dat die verklaring direk relevant is met betrekking tot hierdie verrigtinge, haal ek die verklaring verbatim aan:

> "I the undersigned Lebohang Moshata do hereby make a statement as follows:
>
> 1.
>
> I am the accused in the matter:
>
> 2.

My Legal Representative of record explained to me the charge against me as contained the Annexure to the charge sheet and I understand same.

3.

My Legal Representative of record explained to me my Constitutional Rights in terms of Act 108 of 1996 in particular in terms of section 35(1)(*a*), (*b*) and (*c*), that I may remain silent, that no negative inference will be drawn against me should I elect to remain silent.

4.

I have not been unduly influenced or coerced by anyone to make this statement and I make this statement voluntarily whilst I am in my sober senses.

5.

I appreciate the fact that I may be convicted on this statement without the prosecution leading any evidence.

6.

I further appreciate that should I be convicted I will be sentenced.

7.

With full knowledge of the above as explained to me by my Legal Representative of record I make the following statement:

8.

That I am guilty of two charges of robbery with aggravating circumstances as brought against me in that on or upon the 8th day of May 2010 and at or near Vredefort in the Regional Division of Free State I did wrongfully and intentionally assault Boroko Thabe and Moses Mpafa and did then and there forcefully take items as mentioned in the annexures to the charge sheet the property or in the lawful possession of the two complainants. The aggravating factor being I used a knife with which I inflicted serious injuries on both of them.

9.

On the night of the incident I was in the company of my co-accused when we met the two complainants on the street. Accused 2 and myself took out knifes stabbed the first complainant and helped each other to search him thereby taking his belongings as mentioned in the annexure to the charge sheet. We then left and proceeded to the second incident where we grabbed the second complainant, stabbed him and pushed him to the ground thereby searching him and taking his belongings. We then ran away and later were arrested by two police officers who found the said items in our possession. At the time of committing these offences I had the intention to deprive the owners of these items permanently of being the owners thereof. I also knew that my conduct was wrongful and unlawful and that I could be punished by a court of law. However I plead with this honourable court for mercy as I am

remorseful for my conduct.

Thus signed this 11th day of October at Parys"

[10] Die regsverteenwoordiger het hierna met die mede-beskuldigde se verklaring gehandel, waarna beide die verklarings ingehandig is as bewysstukke "A" en "B" en terselfdertyd is die J88's ten aansien van die klaers se beserings ingedien met die volgende mededeling

> "... as well as the J88 Your Worship where we acknowledge the correctness and the content as regards the two complainants...".

[11] Op die volgende vraag deur die hof, naamlik "Ken hulle dit en kan hulle dit bevestig?" het die applikant en sy mede-beskuldigde deur die tolk dit aldus bevestig. Vir doeleindes hiervan sal in die guns van applikant aanvaar word dat die bevestiging slegs verband gehou het met die korrektheid van die J88's en nie ook die artikel 112(2) verklarings nie.

[12] Die Staat het beide pleite aanvaar.

[13] Die voorsittende beampte het geen verdere vrae aan die applikant of sy mede-beskuldigde gerig nie en hulle skuldig

bevind aan beide die aanklagte en gevonnis tot 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf, onderskeidelik, ten opsigte van elkeen van die klagtes in terme van die bepalings van artikel 276(1)(b) van die Wet, gelees met artikel 51 van Wet 105 van 1997. Die vonnis ten opsigte van klagte 2 is in geheel opgeskort vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat hulle nie skuldig bevind word aan roof of 'n misdryf wat 'n bevoegde uitspraak op 'n klagte van roof is nie en wat gepleeg is gedurende die tydperk van opskorting, welke periode van opskorting 'n aanvang neem op datum wat hulle vrygelaat word uit die gevangenis. Die applikant en sy mede-beskuldigde is ook onbevoeg verklaar om vuurwapens te besit in terme van artikel 103 van Wet 60 van 2000.

[14] In sy uitspraak het die voorsittende landdros die volgende bevind, naamlik dat beide beskuldigdes skuldig pleit op beide klagtes hul ten laste gelê; dat hy oortuig is dat die beskuldigdes uit eie vrye wil skuldig gepleit het op die klagtes hul ten laste gelê; dat hy oortuig is dat hulle al die bewerings gemaak in die klagstaat erken; dat hy oortuig is dat hulle al die elemente van die betrokke misdrywe erken; dat hulle geen verweer het nie en dat hulle inderdaad skuldig

is aan die twee klagtes hul ten laste gelê.

[15] ‘n Applikant wat by wyse van hersiening ‘n skuldigbevinding en ‘n vonnis in strafregtelike verrigtinge tersyde wil laat stel, moet die onreëlmatigheid waarop hy hom beroep op ‘n balans van gerief bewys. Die vraag wat beantwoord moet word aan die hand van die feite en omstandighede van elke saak is of die onreëlmatigheid daartoe gelei het die applikant nie ‘n regverdige verhoor gehad het nie. Die toets is treffend gestel deur Cameron AR in **S v LEGOA** 2003 (1) SASV 13 (SCA) te paras 21 -22 met die volgende gevolgtrekking te para 22:

> “The question thus remains whether the accused had a fair trial under the substantive fairness protections afforded by the Constitution.”

(Sien ook **S v JAIPAL** 2005 (1) SA 215 (CC) te para 39 en **S v CARTER** 2007 (2) SASV 415 (SCA) te paras 28 – 34, in welke uitsprake ook verwys is na die voorbehoudsbepaling van artikel 322(1) van die Wet tot die effek dat ‘n skuldigbevinding of vonnis nie op appèl weens ‘n

onreëlmatigheid tersyde gestel behoort te word tensy bevind word dat geregtigheid nie geskied het nie.)

[16] Dit is die applikant se saak dat die skuldigbevindings sowel as die daaropvolgende vonnisse tersyde gestel moet word op grond daarvan dat beweer word dat die applikant nie 'n regverdige verhoor wat in ooreenstemming met die reg is, gehad het nie. Namens die applikant word aan die hand gedoen dat hy nooit die inhoud en die waarheid van die verklaring wat ingedien is namens hom deur sy regsverteenwoordiger in terme van die bepalings van artikel 112(2) van die Wet, tydens die verrigtinge bevestig het nie. Die applikant konstateer dat 'n voorsittende beampte verplig is om aan 'n beskuldigde te vra:

(i) of hy bevestig dat dit sy (die beskuldigde se) verklaring is;

(ii) óf hy (die beskuldigde) die inhoud van die verklaring verstaan en begryp en

(iii) óf hy (die beskuldigde) die verklaring bevestig as korrek, wanneer 'n verklaring namens hom deur sy regsverteenwoordiger ingehandig word in terme van artikel 112(2) van die Wet.

Indien die voorsittende beampte versuim om die bevestiging te kry, aldus die applikant, stel dit 'n onreëlmatigheid in die verrigtinge daar wat daartoe lei dat die beskuldigde nie 'n regverdige verhoor het nie.

[17] Die applikant steun voorts daarop dat die artikel 112(2) verklaring wesentlike foutiewe inligting bevat en dat hy dit onder die hof se aandag sou bring indien hy daarom gevra is deur die hof.

[18] Die applikant se argument word gefundeer op drie gronde:

18.1 Eerstens dat dit die normale praktyk is om die voormelde drie vrae aan 'n beskuldigde te stel wanneer hy 'n pleit van skuldig opper in 'n verklaring wat in terme van artikel 112(2) van die Wet ingehandig word.

18.2 Tweedens steun die applikant daarop dat in beide artikel 112(2) sowel artikel 112(1)(b) "veiligheidskleppe" ingebou is wat daarop gemik is om te verhoed dat 'n persoon verkeerdelik skuldig bevind

word aan ‘n misdryf. Die applikant konstateer dat in beide die voormelde gevalle, met ander woorde die geval waar ‘n beskuldigde skuldig pleit sonder om ‘n skriftelike verklaring in te handig en in die geval waar ‘n beskuldigde op ‘n pleit van skuldig ‘n skriftelike verklaring inhandig, die voorsittende beampte homself tevrede moet stel dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het. Aldus die applikant se argument kan dit *slegs* geskied indien die voorsittende beampte die drie vrae, na verwys in paragraaf [16], aan die beskuldigde stel.

18.3 Derdens steun die applikant daarop dat die sogenaamde “veiligheidskleppe” geld of behoort te geld ook wanneer ‘n beskuldigde regsverteenwoordig word. Ter ondersteuning van die voormelde submissie, steun die applikant op die bepalings van artikel 105A(6)(*a*) van die Wet ten aansien van pleit- en vonnisooreenkomste waar die hof die beskuldigde moet ondervra om te bepaal of die beskuldigde (*i*) die bepalings van die ooreenkoms en die erkennings deur hom of haar in die ooreenkoms gemaak, bevestig; (*ii*)

met betrekking tot die beweerde feite van die saak, of hy of sy die bewerings in die aanklag waaraan hy of sy ooreengekom het om skuldig te pleit, erken; en (*iii*) die ooreenkoms vrywillig en ongedwonge by sy of haar volle positiewe en sonder onbehoorlike beïnvloeding, aangegaan is. Die applikant beroep hom ook op die bepalings van artikel 115(3) wat vereis van die hof waar 'n regsverteenwoordiger namens 'n beskuldigde, hetsy skriftelik of mondelings, op 'n hof se vraag antwoord ingevolge die artikel, om die beskuldigde aan te sê om te verklaar of hy die bedoelde antwoord bevestig al dan nie.

[19] Artikel 112 van die Wet lees as volg:

"**112. Pleit van skuldig-**

(1) Waar 'n beskuldigde in 'n summiere verhoor in enige hof skuldig pleit aan die ten laste gelegde misdryf, of aan 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word en die aanklaer daardie pleit aanvaar-

(a) .....

(b) moet die voorsittende regter, streeklanddros of landdros, indien hy of sy van oordeel is dat die misdryf

gevangenisstraf of ‘n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van ‘n boete of ‘n boete van meer as die bedrag wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal, regverdig, of indien deur die aanklaer daartoe versoek, die beskuldigde met betrekking tot die beweerde feite van die saak ondervra ten einde vas te stel of hy of sy die bewerings in die aanklag waarop hy of sy skuldig gepleit het, erken, en, indien hy of sy oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy of sy skuldig gepleit het, kan hy of sy die beskuldigde op sy of haar pleit van skuldig aan daardie misdryf skuldig bevind en ‘n geoorloofde vonnis oplê.

(2) Indien ‘n beskuldigde of sy regsadviseur ‘n skriftelike verklaring deur die beskuldigde, by die hof inhandig waarin die beskuldigde die feite uiteensit wat hy erken en waarop hy skuldig gepleit het, kan die die hof, in plaas van ‘n ondervraging ooreenkomstig subartikel (1)(b), die beskuldigde op grond van die bedoelde verklaring skuldig bevind en vonnis soos in genoemde subartikel bepaal indien hy oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het: met dien verstande dat die hof na goeddunke enige vraag aan die beskuldigde kan stel ten einde ‘n aangeleentheid op te

helder wat in die verklarings geopper is."

[20] Dit is nie nodig of gepas om op die feite van hierdie saak te beslis of dit normale praktyk is vir voorsittende beamptes om van regsverteenwoordigde beskuldigdes te verlang, om te bevestig dat dit sy (of haar) verklaring is; of hy(of sy) die inhoud van die verklaring verstaan en begryp en of hy (of sy) die verklaring bevestig as korrek, nadat die verklaring ingehandig is, nie. Die advokaat vir respondente was bereid om toe te gee dat dit algemeen vrylik in die praktyk voorkom dat howe, wanneer 'n artikel 112(2) verklaring deur 'n regsverteenwoordiger namens die beskuldigde ingehandig word, steeds aan die beskuldigde vra of hy die verklaring bevestig. So 'n praktyk sal verseker verdienstelik wees.

[21] Die sake waarop die applikant egter steun vir die bewering dat dit normale praktyk is, beslis nie op sigself daardie aspek nie. In **S v MASILELA** 2000 (1) SACR 571 (W) merk die regter op terwyl hy met die agtergrond van die saak handel:

> "The appellant duly signed the statement and it was recorded that he confirmed the contents of the statement to the magistrate. The State duly accepted the plea of guilty and he

was duly convicted."

Slegs twee van die drie vrae waarop die applikant hom beroep blyk gerig te gewees het in die saak.

In **NYAMAKAZI v DIRECTOR OF PUBLIC PROSECUTIONS, KWAZULU-NATAL AND ANOTHER** (2009) JOL 23779 (KZP) para [11]:

> "The Applicant was legally represented when he tendered pleas of guilty to all 34 counts. He was specifically requested by the court ***a quo*** whether he consulted with his attorney about what it was about, whether he understood the charges. The Applicant confirmed all this, and stated that he was guilty in all 34 counts. Mr Kader who represented the Applicant in the court *a quo* confirmed that the Applicant's pleas of guilty to all 34 counts were in accordance with his instructions. He also confirmed that he had prepared a statement in terms of section 112(2) of the Act as read into the record. The Applicant stated that he was familiar with the contents of the statement and he confirmed the correctness thereof. The statement is also signed by the Applicant."

Die 34 aanklagte het verband gehou met bedrog. Kennelik is

al drie die vrae waarop die applikant hom beroep ook nie aan daardie beskuldigde gestel nie.

In **<u>S v MAZIBUKO</u>** [1996] 4 ALL SA 720 (W) te 724a vermeld die hof weereens by bespreking van die agtergrond:

> "The accused confirmed that he understood the contents of the statement and that he agreed therewith."

Weereens blyk dit nie dat al drie die vrae wat die applikant voordoen, gestel is nie.

[22] Die voormelde gesag konstateer allermins 'n verpligting dat waar 'n beskuldigde regsverteenwoordig is en namens hom 'n artikel 112(2) verklaring by die hof ingedien word, die beskuldigde *mondelings* aan die voorsittende beampte *moet bevestig* dat dit sy verklaring is; dat hy die inhoud van die verklaring begryp en dat die inhoud daarvan as korrek bevestig word. Al wat blyk uit die gesag is dat die beskuldigdes in die onderskeie sake mondelings die inhoud van die verklarings aan die voorsittende beampte bevestig het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die

omstandighede wat geheers het in die howe tydens die ontvangs deur die voorsittende beampte van die artikel 112(2) verklaring onbekend is. Vir doeleindes van die onderhawige aansoek sal ek aanvaar dat dit normale praktyk is om mondelingse bevestiging by die beskuldigde te verkry dat hy die inhoud van die verklaring bevestig.

[23] Myns insiens is die vraag eerstens of die tersaaklike artikel [112(2)] vereis van die voorsittende beampte om mondelingse bevestiging by die beskuldigde te verkry dat dit inderdaad sy verklaring is; of hy die inhoud en die omvang van die verklaring begryp en dit bevestig nadat die getekende verklaring ingehandig is. Die bewoording van die artikel vereis nie die mondelinge bevestiging waarop die applikant hom beroep nie.

[24] Artikel 112(2) vereis dat ‘n beskuldigde of sy regsadviseur ‘n skriftelike verklaring deur die beskuldigde by die hof inhandig waarin die beskuldigde die feite uiteensit wat hy erken en waarop hy skuldig pleit. Die artikel stel as voorvereiste slegs dat ‘n skriftelike verklaring deur die beskuldigde by die hof ingehandig moet word. Die beskuldigde hoef nie self die

verklaring op te stel nie.

[25] Dit volg dat ‘n voorsittende beampte slegs ‘n skuldigbevinding kan uitbring uit hoofde van die bepalings van artikel 112(2) indien die voorsittende beampte oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het op grond van die verklaring waarin die feite uiteengesit en deur die beskuldigde erken word en waarop die beskuldigde skuldig gepleit het.

[26] Anders dan artikel 115(3) en artikel 105A(6)(a) bevat artikel 112(2) self geen verdere vereistes nie. Dit beteken nie dat die voorsittende beampte nie enige van die vrae mag stel sou hy meen, vir welke rede ookal, dat dit gepas is in die omstandighede nie.

[27] Die artikel vereis van die voorsittende beampte om homself tevrede te stel dat dit die beskuldigde se verklaring is wat ingehandig word, hetsy deur die beskuldigde of namens die beskuldigde deur sy regsverteenwoordiger, waarin hy die feite uiteensit wat hy erken en waarop hy skuldig pleit. Natuurlik sal die voorsittende beampte eers oortuig kan wees

van die beskuldigde se skuld indien die feite wat erken word uiteengesit word in 'n verklaring wat deur hom gemaak word. Dit is vanselfsprekend. Wat egter in enige bepaalde geval genoegsaam sal wees vir 'n voorsittende beampte om oortuig te wees dat dit inderdaad die beskuldigde se verklaring is, sal van die feite van elke saak afhang.

[28] Denkbaar kan daar omstandighede bestaan, selfs waar 'n beskuldigde regsverteenwoordig word, waar die voorsittende beampte die beskuldigde se mondelinge bevestiging sal verlang met betrekking tot of dit sy verklaring is en/of hy die inhoud van die verklaring begryp en verstaan en/of daarmee akkoord gaan. 'n Legio redes daarvoor mag bestaan. Vir dieselfde redes mag omstandighede van so aard wees dat die landdros tevrede is by inhandiging en ontvangs van die verklaring dat dit inderdaad die beskuldigde se verklaring is waarin hy die feite uiteensit wat hy erken en waarop hy skuldig pleit, sonder dat die voorsittende beampte dit nodig ag om die beskuldigde daaromtrent te ondervra.

[29] Artikel 112(2) stel juis in die vooruitsig dat waar die voorsittende beampte oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf, hy hom aldus mag skuldig bevind bloot op

grond van die verklaring in plaas daarvan om ooreenkomstig artikel 112(1)(b) 'n ondervraging te hou. Die hof het in terme van die artikel die reg om na goeddunke enige vraag aan die beskuldigde te stel ten einde enige aangeleentheid op te helder wat in die verklaring geopper word. Dit sluit myns insiens die reg in om bevestiging te verlang met betrekking tot die drie vrae waarop die applikant hom beroep.

[30] Vir ooglopende redes sal ander oorwegings voorrang geniet waar 'n onverteenwoordige beskuldigde 'n verklaring by die hof indien. Die kriteria uiteengesit in **S v MAVUNDLA** 1976 (4) SA 731 (NPD) te 732 E – G vind kennelik dan toepassing. Dit is egter nie van toepassing in hierdie saak nie. Die applikant was regsverteenwoordig.

[31] Artikel 112(1)(b) vereis van die voorsittende beampte wanneer daar 'n pleit van skuldig deur 'n beskuldigde geopper word om die beskuldigde met betrekking tot die beweerde feite van die saak te ondervra ten einde vas te stel of die beskuldigde die bewerings in die aanklag waarop hy of sy skuldig gepleit het, erken.

[32] Artikel 105A(6) skryf ook statutêr voor dat ‘n voorsittende beampte die beskuldigde moet ondervra in terme van artikel 6(a)(i) tot (iii). Artikel 115(3) vereis eweneens die mondelingse bevestiging waarna reeds verwys is.

[33] Artikel 112(2) bevat nie ‘n soortgelyke vereiste soos in voormelde drie sub-artikels nie en, soos reeds vermeld, sal die omstandighede in elke geval deurslaggewend wees met betrekking tot die vraag of die voorsittende beampte sonder enige verdere ondervraging oortuig kon wees dat dit die beskuldigde se verklaring is waarin feite erken word waarop hy skuldig gepleit het en dat hy skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het.

[34] Daar blyk geen wanvoorligting deur die agbare landdros te gewees het met betrekking tot sy oortuiging dat dit inderdaad die applikant se verklaring is wat ingehandig is en dat die applikant in daardie verklaring die feite uiteensit en erken waarop hy wens skuldig te pleit nie.

[35] In die verband is die klagtes wat die beskuldigdes ten laste gelê is aan die applikant gestel waarna die applikant ten aansien daarvan skuldig gepleit het. Die applikant was

bedien van regsadvies deur sy advokaat. Die applikant bevestig in die verklaring wat deur hom onderteken is dat die klagtes soos vervat in die klagstaat aan hom verduidelik is; dat hy die hof se bevoegdheid verstaan om hom op grond van bloot die inhoud van die verklaring skuldig te bevind en dat hy gevonnis sal word indien hy skuldig bevind word. Die verklaring is in die applikant se teenwoordigheid deur sy regsverteenwoordiger in die rekord ingelees en terselfdertyd oorgetolk aan die applikant. Die applikant het op geen relevante tydstip beswaar gemaak teen die inhoud van die verklaring nie.

[36] Die feit dat dit "normale praktyk" is om bevestiging by 'n regverteenwoordigde beskuldigde te verkry beteken nie dat die afwyking 'n onreëlmatigheid daarstel nie. Die praktyk kan ook nie tot inhoud hê dat 'n voorsittende beampte se versuim om dit te volg noodwendigerwys tot 'n onreëlmatigheid aanleiding gee nie. Die toets sal telkens wees of die voorsittende beampte in die omstandighede oortuig kon wees dat die beskuldigde aan die hand van die feite wat hy uiteensit en wat hy bereid is om te erken in sy verklaring, skuldig is aan die ten laste gelegde misdryf.

[37] Dit is nodig om te handel met die applikant se beroep op sekere gewysdes. Die applikant steun op **SM v S** [2009] 4 ALL SA 242 (SCA) te 244. Die uitspraak bied nie steun aan die applikant se betoog nie. Benewens dat die beskuldigde in die tersaaklike saak 'n 13 jaar oue kind was, handel die beslissing met die doel van die verklaring in terme van artikel 112(2) en in besonder dat dit erkennings van 'n beskuldigde sowel as die feitelike basis waarop die skuldig pleit geopper word, moet uiteensit en nie slegs regskonklusies nie. Die Hoogste Hof van Appèl bevind dat 'n voorsittende beampte slegs 'n beskuldigde kan skuldig bevind indien hy of sy oortuig is ("satisfied") dat die beskuldigde inderdaad skuldig is aan die ten laste gelegde misdryf ten aansien waarvan die skuldig pleit aangebied word. Die verklaring van die applikant *in casu*, het anders as in die saak waarop gesteun word, aan die vereistes voldoen en die hof benede was vir gegronde rede oortuig dat die applikant skuldig is aan die ten laste gelegde misdryf.

[38] Die applikant steun ook op die uitspraak van Page R in **S v SELLARS AND SIX OTHER CASES** 1991 (1) SASV 491 (N) te 493 vir stukrag vir die argument dat 'n voorsittende

beampte verplig is om, nieteenstaande regsverteenwoordiging, mondelingse bevestiging in die hof van 'n beskuldigde te verkry dat dit inderdaad sy verklaring is; dat hy op hoogte is van die inhoud van die verklaring en dit begryp en dat hy dit bevestig. Die beslissing begunstig nie die applikant se betoog nie.

[39] Die feite in die **SELLARS**-beslissing moet eerstens onderskei word van die feite in die onderhawige geval. In die **SELLARS**-saak was verskeie gevalle ter sprake waar onverteenwoordigde beskuldigdes daarvan aangekla is dat hulle artikel 140(2)(a) van die Padverkeersordonnansie 21 van 1966 (Natal) oortree het deurdat hul 'n motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur het onderwyl die alkoholkonsentrasie in hul bloed die voorgeskrewe perk oorskry het. In al die sake is 'n sogenaamde "roneo" (standard)-vorm deur die aanklaer namens die beskuldigdes ingevul en voorberei. Dit het voorsiening gemaak vir 'n reeks gedetailleerde erkennings wat elke element van die misdryf waarvan die beskuldigde aangekla is, omvat het en wat elke moontlike verweer uitgesluit het. By die vorm is aangeheg 'n sertifikaat wat die bloedanalise reflekteer het, die korrektheid

waarvan deur die beskuldigde erken is. Die beskuldigdes het die vorms onderteken en ingehandig in terme van artikel 112(2) van die Wet. In al die gevalle is aan die beskuldigdes gevra of hulle beïnvloed was om skuldig te pleit (waarop hulle aangedui het dat hulle vrywillig pleit) en of hulle bewus was van die inhoud van aanhangsel "A", wat deur hulle erken is. Die beskuldigdes is dan skuldig bevind. Die hof bevind te 493c:

> "We are satisfied that he is correct in stating that the procedure theoretically constitutes compliance with the requirements of s 112(2). That subsection requires that the written statement must be made by the accused and handed in by the accused or his legal adviser, but does not stipulate who should draft it. It appears to have been intended to shorten the procedure by avoiding a full questioning of the accused as prescribed by s 112(1)*(b)*, where this could be safely done. Clearly there can be no objection to this procedure when the accused has legal representation or is himself sufficiently intelligent and well-informed fully to understand the import and consequences of his statement. Where neither of these situations obtains, however, there is a need for strict safeguards when resorting to the section to ensure that it is not abused. This need is redoubled when, not only is the court dealing with an unrepresented and

> ignorant accused, but the statement tendered has been prepared for him by the prosecutor who is, after all, his adversary in the proceedings." My onderstreping.

Die applikant val kennelik in die eerste kategorie waarna die hof verwys, naamlik 'n beskuldigde wat regsverteenwoordiging geniet.

[40] Na my mening het die applikant nie enige onreëlmatigheid bewys nie.

[41] Selfs al sou die landdros se versuim om in die onderhawige omstandighede by die applikant te verneem of hy die verklaring onderteken het, of hy dit verstaan en begryp en of die inhoud daarvan korrek is, 'n onreëlmatigheid daarstel, is ek nie oortuig daarvan dat in al die omstandighede van hierdie saak sodanige prosedurele onreëlmatigheid sodanig wesenlik sou wees dat dit daartoe lei dat gesê kan word dat die verhoor nie ooreenkomstig die reg plaasgevind het nie of dat die applikant nie 'n regverdige verhoor gekry het nie. Ek is trouens op die totaliteit van die feite en omstandighede van hierdie saak oortuig dat in soverre die voorsittende

beampte se versuim aangemerk kan word 'n onreëlmatigheid daar te stel, dat daardie onreëlmatigheid nie tot gevolg gehad het dat die applikant nie 'n regverdige verhoor gehad het nie.

[42] Gevolglik sou ek die volgende bevel maak:

1. Die aansoek om hersiening word van die hand gewys.

**N. SNELLENBURG, WND R**

Ek stem saam en dit word so gelas.

**J.P. DAFFUE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Mnr. H.L. Klynveld<br>In opdrag van:<br>Bezuidenhouts Ingelyf<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die eerste en tweede respondente: | Adv. S. Chalale<br>In opdrag van:<br>Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp